# HOOFSTUK IX.

## KRITIESE SAMEVATTING.

1. Onderwys in Klerksdorp gedurende die jare van die Zuid-Afrikaanse Republiek, 1838-1899.

a. Inleiding.

Die geskiedenis van Klerksdorp dui daarop dat daar gedurende al die jare heen tye van voorspoed, tye van stilstand en selfs tye van agteruitgang was. Wanneer daar dus 'n ontwikkelingslyn getrek moet word om die geskiedenis van Klerksdorp voor te stel, sal dit voorwaar geen reguit lyn wees nie. Dit sal dan 'n golwende lyn wees met opgaande krommes om die tye van voorspoed en gröei aan te dui en afgaande krommes, wat die laagwatermerke sal aantoon.

Die ontwikkeling van Klerksdorp het baie geleidelik - miskien selfs baie stadig - plaasgevind tot so laat as 1885. Die landbouers het hulle akkers bewerk, terwyl die jagters hulle buit verhandel het.

Vanaf 1887, toe goud ontdek is, het 'n periode van opflikkering en ongekende groei gevolg; dog dit was van korte duur. Gedurende 1889-1893 het daar 'n depressie gevolg, en alles het in duie gestort. Nadat daar van meer wetenskaplike metodes gebruik gemaak kon word om goud te ontgin, het daar weer na 1894 'n herlewing gekom.

Die Engelse oorlog het die ontwikkeling van Klerksdorp weer eens tot 'n stilstand gedwing. Nadat die goudindustrie vanaf 1902 weer mooi begin herlewe het, het die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) gevolg, en die myne moes weer sluit. Dit was nie voor 1922 dat enkele myne weer begin produseer het nie.

Na 1948 was die uitbreiding en ontwikkeling fenomenaal. Duisende ponde is aan mynontwikkeling bestee. Dele wat gedurende die vorige eeu bedek was met mimosa- en kameeldoringbome, is tans uitgebreide woongebiede met moderne woonhuise. Klerksdorp self word alreeds omring deur 'n aantal goudmyne.

/In .......

In die onmiddellike nabyheid van Klerksdorp het gouddorpe ontstaan, elk met sy eie skagtorings, sakeondernemings, industrieë, kerke en skole.

Omdat Klerksdorp eintlik nog maar aan die begin van sy werklike ontwikkeling en uitbreiding staan, hou die toekoms nog veel vir hom in.

Op alle gebiede is die kontras tussen die hede en die verlede byna ongelooflik. Klerksdorp, die eenvoudige plattelandse dorpie van die verlede, is besig om te ontwikkel tot een van ons land se groter dorpe met groot ekonomiese vooruitsigte.

Klerksdorp vorm alreeds een van die groot opvoedkundige sentrums van Transvaal. Die ontwikkeling op onderwysgebied gedurende die afgelope dekade is merkwaardig.

b. Onderwystoestande voor 1860.

Die eerste bewoners van die gebied wat later bekend sou staan as Klerksdorp, het gedurende die beginjare die bewoonbaarmaking van die gebied as hulle eerste en belangrikste taak beskou. Omdat die nodige tyd vir intellektuele ontwikkeling eenvoudig ontbreek het, was daar dan ook geen sprake van 'n georganiseerde skoolstelsel nie.

Net soos elders in die Republiek het die ouers egter geensins onverskillig gestaan teenoor die opvoeding van hul kinders nie. Die ouers het dit as hul heilige plig beskou om hul kinders die nodige onderrig in lees en skryf te gee wat sou voldoen aan die vereistes vir die aflegging van die geloofsbelydenis. Die Bybel en Trap der Jeugd was die belangrikste leer- en leesboeke.

Die opvoedingstelsel was, alhoewel eenvoudig van aard, prakties. Dit was 'n praktiese onderwysstelsel wat aan die vereistes en lewensomstandighede van die tyd voldoen het. In alle opregtheid is die kinders opgevoed tot Godvresende, vrome, gehoorsame, pligsgetroue en nuttige landsburgers met die nodige eerbied en ontsag vir hul meerderes, gelykes en minderes.

/Voor .........

Voor 1860 was die onderwys individualisties van aard, hoofsaaklik aan moedersknie. Vanaf die sestiger jare is pogings aangewend om „skole" te stig waar groepe kinders saam onderrig kon word.

c. <u>Onderwys aan blanke kinders gedurende die jare 1860-1881.</u>

Alhoewel daar vanaf die sestiger jare van die vorige eeu daadwerklike pogings aangewend is om skole te stig, veral op Hartebeestfontein, was die bestaan daarvan baie wisselvallig en van korte duur.

Die tyd vir verstandelike ontwikkeling het nog in 'n hoë mate ontbreek omdat die kinders, vanweë die tekort aan nieblanke arbeiders, allerhande werkies tuis moes verrig. Die onderwys het mank gegaan aan 'n groot gebrek aan bevoegde leerkragte. Soms het groepies ouers saam gebruik gemaak van drostersoldate of rondlopers wat in 'n mate kon lees, skryf en reken, om aan hul kinders onderwys te verskaf.

President T.F. Burgers het in 1874, deur middel van sy onderwyswet, gepoog om die gebrekkige onderwystoestande in die Republiek te verbeter; dog dit het nie die gewenste reaksie by die volk uitgelok nie. Die Burgerswet was te modern en sekulêr van aard om vir die Boere aanneemlik te kon wees.

Slegs op Klerksdorp self was daar 'n skool wat onder die Burgerswet subsidie ontvang het. Die hele skoolstelsel in die Klerksdorpse gebied was nog ongeorganiseerd, en die klaslokale en leermiddels was ongenoegsaam en ondoeltreffend.

Die onderwys was hoofsaaklik elementêr van aard. Onderrig is gegee in lees, skryf, reken, sang, vaderlandse en Bybelse geskiedenis. Die Bybel en <u>Trap der Jeugd</u> het die vernaamste leer- en leesboeke gebly.

Na die nasionale oplewing na die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) het daar 'n tydperk van georganiseerde onderwys gevolg.

d. <u>Onderwys onder Du Toit en Stiemens, 1881-1891.</u>

/Die .......

Die nasionale oplewing na die Boere se roemryke oorwinnings in die Vryheidstryd van 1880-1881 en die nuwe Onderwyswet van 1882 het ook 'n groei- en bloeitydperk op onderwysgebied ingelui. Ds. S.J. du Toit het diens aanvaar as Superintendent van Onderwys op 13 Maart 1882. Sy Onderwyswet van 1882, waarvolgens privaatskole met staatsteun die reël geword het, het die Onderwys op 'n meer georganiseerde grondslag geplaas. Du Toit se Christelik-nasionale onderwysstelsel was na die hart van die volk.

Die werklike uitbreiding op onderwysgebied was eers na die ontdekking van goud in 1887, toe groot getalle vreemdelinge Klerksdorp binnegestroom het. Skole moes gedurende 1887-1891 opgerig word op Rietkuil, Mahemsvlei, Stilfontein, Goedgevonden en in die nuwe aanleg van Klerksdorp self om in die onderwysbehoeftes te voorsien. Na die ontdekking van goud het 'n aantal Engelse skole, wat opgerig is as protes teen die onderwysbeleid van Du Toit, die lig gesien. Die periode van bestaan daarvan was egter in die reël kortstondig.

Vanaf 1881 het onderwys dus 'n algemene saak begin word en het ook uitgebrei na die platteland, waar skole opgerig is. Die inisiatief vir die oprigting van skole is hoofsaaklik deur die kerke geneem, wat ook verantwoordelik was vir die leerstellige deel van die onderwys.

Die Du Toit-onderwysstelsel het egter ook sy leemtes gehad, waarvan die basis waarop subsidie toegeken is, miskien die verreikendste gevolge gehad het. Laerskoolleerlinge sou jaarliks 'n subsidie van £3 per leerling ontvang, terwyl middelbare skole £5 per leerling ontvang het. Vir minder gegoede leerlinge was die subsidie dubbel die bedrag. Die per leerling-basis van subsidie was wel 'n aansporing vir onderwys, dog dit het later ontaard in wanpraktyke.

„Die ywer waarmee ds. S.J. du Toit die onderwys by die begin aangepak het, was nie van lange duur nie, en die misbruike is grotendeels te danke aan die feit dat hy sy bekwaamheid in

/ander .....

ander kanale gestuur het, en gedurende die laaste jare g'n aandag aan die onderwys gegee het nie"[1].

Die algemene onderwystoestande het gedurende die tydperk 1881-1891 egter nog veel te wense oorgelaat. Die ouers self het in die reël weinig gedoen om die onderwys te bevorder. Die minder gegoede deel van die mense was nie daartoe in staat om by te dra vir die onderwys van hul kinders nie, terwyl die bemiddeldes hulle grotendeels eenvoudig daaraan onttrek het.

Die skoolgeboue was oor die algemeen swak, en geskikte meubels en leermiddels het in 'n hoë mate ontbreek. 'n Verdere faktor wat remmend op die onderwys ingewerk het, was die groot tekort aan bevoegde leerkragte. Dit moes dan noodwendig tot gevolg gehad het dat daar gedurende die tagtiger jare geen behoorlike vordering in die klaskamer gemaak kon word nie.

Skole is wel opgerig, dog die bestaan van die meeste van hulle was kort van duur. Die skoolkommissies het gebuk gegaan onder swaar finansiële laste en was nie daartoe in staat om die skole in stand te hou nie.

N. Mansvelt, die opvolger van S.J. du Toit, het gepoog om die leemtes van die Du Toit-wet uit te skakel en om die onderwys op 'n doeltreffender grondslag te plaas.

e. Die ontwikkeling van onderwys onder N. Mansvelt, 1891-1899.

Die laaste Superintendent van Onderwys tydens die bestaan van die Zuid-Afrikaanse Republiek het aan die einde van 1891 diens aanvaar. Deur middel van Onderwyswet No. 8 van 1892 wou hy die swak plekke in die Onderwyswet van sy voorganger uitskakel; dog in beginsel het hy voortgebou op die Du Toit-wet. Die onderwys is op 'n hoër en uniforme peil gebring deur die vasstelling van 'n algemene leerplan waarin die eise vir die verskillende standerds duidelik omskryf is. In 'n nuttige en doeltreffende handboekie, Schoolgids, is al die instruksies aan inspekteurs, hoofde, onderwysers en skoolkommissies saamge-

/vat .......

1. Malherbe: Die ontwikkeling van Onderwys in Suid-Afrika, in Het Zoeklicht, Nov. 1924, 338.

vat betreffende die prosedure wat gevolg moes word vir die betaling van subsidies, hoe registers en skoolstate ingevul moes word en so meer.

Ook vir Klerksdorp het die Mansvelttydperk 'n nuwe periode van vooruitgang en konsolidering in die onderwys ingelui.

Ongelukkig kon daar, veral in sommige van die distrikskole, nog baie min vordering in die klaskamer self gemaak word. Leesonderrig het nog veel te wense oorgelaat, omdat dit in baie skole nog deur die ou spelmetode onderrig is. Te veel klem is ook gelê op syferwerk, terwyl die leerkragte soms self nie daartoe in staat was om die leerlinge tot die oplossing van rekenkundige probleme te lei nie. Die tekort wat daar geheers het aan doelmatige leerboeke, atlasse en landkaarte, moes hom noodwendig nadelig laat geld op die onderrig van vakke soos Aardrykskunde en Geskiedenis. Uit die inspeksieverslae oor die verskillende jare blyk dat goeie resultate egter bereik is in Bybelonderrig. Reeds voor die ampstermyn van Mansvelt is daar 'n beskeie begin gemaak met die onderrig van Engels op skole.

Mansvelt het hom ten doel gestel om die algemene onderwyspeil te verhoog. Deur middel van 'n verbeterde inspeksiestelsel kon skole meer dikwels besoek word. Sodoende kon daar op die tekortkomings gewys word en foutiewe metodes kon in 'n groot mate uitgeskakel word. Die honorarium van verdienste het onderwysers aangespoor om ook op die gebied deeglike werk te verrig.

Staatsondersteunde skole het onder die onmiddellike toesig gestaan van skoolkommissies, wat die opstelling van die sogenaamde „Huishoudelijke bepalingen" vir hul onderskeie skole tot taak gehad het. Klagtes het egter in die Klerksdorpse gebied die ronde gedoen dat die Onderwysdepartement die skoolkommissies nie met „bescheidenheid" behandel nie. Daar is ook gevoel dat aan die skoolkommissies meer vryheid toegeken moes word, veral met die keuse van onderwysers[1). /Aanvanklik ....

1. O.R. 2287/99: Brief, Februarie 1899.

Aanvanklik was die grootste persentasie van die leerkragte in dié omgewing ongekwalifiseerd. Hulle moes hulle egter later beter laat toerus vir hul taak ten einde aanspraak te kon maak op die toekenning van subsidies. Die Nederlander-onderwysers wat veral na die ontdekking van goud in die Klerksdorpse gebied diens aanvaar het, was in die reël goed onderlê, met die gevolg dat die onderwyspeil verhoog kon word. 'n Groter en ryker verskeidenheid van vakke kon ook aangebied word. Die Klerksdorpse staatskool het byvoorbeeld onder die Nederlander-hoof H. Wechgelaar, naas 'n groot verskeidenheid ander vakke onder andere vakke soos Duits, Frans, Wiskunde, Plantkunde en Dierkunde aangebied. Skoolrapport is aan leerlinge gegee, sodat die ouers op hoogte kon bly met die gedrag en vordering van hul kinders[1].

Alhoewel Klerksdorp gedurende die Mansvelttydperk 'n periode van reorganisasie en van groei en ontwikkeling op onderwysgebied beleef het, was daar nog 'n hoë persentasie van die kinders van skoolgaande leeftyd wat nie die voorreg van gereelde onderwys kon benut nie. Die ongereelde skoolbesoek kan hoofsaaklik aan die volgende faktore toegeskryf word:

(1) As gevolg van die tekort aan nie-blanke arbeid moes die kinders, veral gedurende die oestyd, plaasarbeid verrig.

(2) Weens die gebrek aan huisvesting by die skole kon kinders van verafgeleë plase nie die skole besoek nie.

(3) Verskeie boere het na terugslae in hulle boerdery na die Klerksdorpse goudvelde getrek, waar hulle in 'n toestand van armoede en terneergedruktheid verkeer het. Hulle het tewens geen belangstelling meer getoon in die onderwys van hul kinders nie.

(4) In sommige van die distrikskole was die algemene onderwyspeil, veral in rekene, lees en taalwerk, nog, vanweë die onbekwaamheid van sommige onderwysers, laag.

(5) Die beste periode vir die leerproses het reeds by /sommige ...

1. Bylae III.

sommige kinders verbygegaan alvorens hulle die skool kon besoek. In die Klerksdorpse staatskool was daar, tot so laat as 1897, nog leerlinge van 15 tot 18 jaar in st. 2.

(6) Daar was nog in 'n hoë mate 'n gebrek aan partikuliere inisiatief, omdat baie ouers nog nie die waarde van onderwys besef het nie.

(7) Onbekendheid met die skoolwet en subsidiestelsel het geheers.

(8) Die vertroebelde landstoestande, wat gepaard gegaan het met onluste en spanning, het ook 'n nadelige uitwerking op die onderwys gehad.

Die onderwysontwikkeling van Klerksdorp is in 1899 tot 'n tydelike stilstand gedwing deur die uitbreek van die Engelse oorlog. Verskeie onderwysers moes dan ook die wapen opneem om te stry vir die behoud van hul vryheid.

. <u>Die ontwikkeling van onderwys vanaf 1900 tot 1955.</u>

a. <u>Onderwys onder Britse bestuur, 1900-1906.</u>

Klerksdorp het in November 1900 in Engelse hande geval toe 'n sterk Britse mag onder bevel van generaals Barton en Douglas Klerksdorp binne gemarsjeer het. Die Britse militêre owerheid het in die Klerksdorpse gebied die blokhuisstelsel uitgebrei en vernielingswerk begin verrig. Op ongekende skaal is plase verwoes, voedselvoorrade vernietig en vrouens met hulle gesinne na die Klerksdorpse konsentrasiekamp, in Januarie 1 1901 gestig, vervoer.

Sonder om enige vergoeding vir sy dienste te ontvang het H.A.W. Hesse in Maart 1901 'n privaatskool in die kamp gestig. Nadat die privaatskool enige maande met vrug voortbestaan het, het die nuwe Onderwysdepartement die skool oorgeneem. Skoolbesoek was nie verpligtend nie; dog indirekte dwang is nogtans deur die skoolhoof, H.A.W. Hesse, uitgeoefen in 'n poging om die groot aantal kinders nuttig besig te hou. Die aantal leerlinge was by tye bykans duisend, terwyl daar tot vyf-en-twintig leerkragte gelyktydig aan die kampskool verbonde was. Die

/skool ......

skool was gehuisves in die ou staatskool, kerkgebou en twee markeetente. Die medium was Engels, met lees, skryf en reken as die vernaamste leervakke. Alhoewel die onderwys in die vreemde taal nie goeie vrugte kon afwerp nie, het die kampskool tog sy waarde gehad. Dit het tog 'n mate van onderwys gebied en was tewens ook die laaste onderwys wat baie leerlinge ontvang het. Die bietjie Engels wat die kinders geleer het, het nuttig van pas gekom na die verowering van die twee Boererepublieke. Alhoewel daar op 31 Mei 1902 vrede gekom het, het die kampskool eers in Oktober opgehou om te bestaan nadat die laaste groep „refugees" met hulle uitgedunde gesinne gerepatrieer is.

Na die Vrede van Vereeniging het daar ook vir Klerksdorp 'n periode van rekonstruksie gevolg, toe daar 'n nuwe en vreemde onderwysstelsel na vore gekom het, wat ten doel gehad het om die verowerde gebiede na die Engelse model te vorm. Die nuwe Engelse onderwysstelsel was dan die resultaat van die imperialistiese beleid van Lord Milner.

Die „Public Education Ordinance" van Sargant het op 25 Februarie 1902 wet geword. Hierdeur is die ou Republikeinse onderwysstelsel vervang deur 'n onderwysstelsel wat suiwer burokraties was; 'n nuwe onderwysstelsel wat uitvoering moes gee aan die Milner-politiek om die Boerebevolking teen 'n vinnige tempo te angliseer en denasionaliseer. Alhoewel gekwalifiseerde onderwysers wat gedurende die bestaan van die Zuid-Afrikaanse Republiek onderwys gegee het, weer in poste benoem is, is die onderwyshoofde vervang deur Engelse. Alle plaaslike beheer is uit die hande van die ingesetenes geneem, en 'n minderwaardige plek is aan Hollands toegeken, nl. 3 uur per week, op die tydjie na wat aan Bybelgeskiedenis bestee kon word deur Hollandsmedium.

Aan die einde van 1903 was daar in die Klerksdorpse gebied reeds drie dorpskole en vier plaasskole onder die nuwe onderwyswet. Op Klerksdorp was daar ook 'n sogenaamde „Se-

/condary .....

condary School" vir die meer bemiddeldes. Die onderwys was vry en nie verpligtend nie.

Inspekteur J.H. Corbett het alle middele in werking gestel om Klerksdorp te voorsien van voldoende skole, en H.A.W. Hesse is aangemoedig om, nadat hy as distrikshoofonderwyser aangestel is, skole te open. Dat die bevolking nie altyd te vinde was vir die nuwe onderwysstelsel nie, blyk daaruit dat slegs drie skole gedurende 1904 bygekom het.

'n Groep C.N.O.-gesindes, met ds. J.W.G. Strasheim op die voorpunt, het sterk teen die nuwe onderwysstelsel te velde getrek, en 'n C.N.O.-skool is gestig as protes teen die Engelse onderwysstelsel.

Na die oorlog moes die oorwonne en verarmde Boere noodgedwonge gebruik maak van die Engelse skole as hulle wou gehad het dat hul kinders onderwys moes ontvang. In hulle magteloosheid moes hulle dan toesien hoe hulle kinders blootgestel word aan die verengelsingsproses. Onder die bittereinders het daar dan groot ontevredenheid en onrus geheers, en in 1903 is daar begin om reëlings te tref om 'n C.N.O.-skool te stig, geskoei op 'n Christelik-nasionale grondslag. Die skool is dan ook in die begin van 1904 geopen. Die verarmde ingesetenes van Klerksdorp kon egter nie tred hou met die vrye en gratis Engelse skole nie, met die gevolg dat die C.N.O.-skool gedurende 1907 in die Milnerskool opgelos is.

Alhoewel hulle geruïneer was, het die bittereinders en C.N.O.-gesindes van Klerksdorp saamgestaan met die res van die bevolking van die verowerde gebied en geveg om dít te behou wat vir hulle kosbaar was gedurende daardie moeilike en donker jare. Die stryd was egter nie vrugteloos nie. Die owerheid is sterk onder die indruk gebring van die volkswil en -behoeftes, met die gevolg dat die Onderwysdepartement genoodsaak was om met heelwat toegewings na vore te kom in die volgende Onderwyswet, nl. die van 1905.

/Lord ........

Lord Selborne, die meer gematigde opvolger van lord Milner, het in sy memorandum van 17 November 1905 terdeë rekening gehou met die C.N.O.-beweging, en heelwat toegewings is gemaak, veral ten opsigte van onderwysbeheer en die mediumkwessie. Die instelling van adviserende skoolkommissies en skoolrade was 'n stap in die regte rigting; dog aan Hollands is nog 'n te ondergeskikte plek toegeken om algehele tevredenheid onder die bevolking te bewerkstellig.

Gedurende Desember 1906 is aan die Transvaal selfregering toegestaan, en in die begin van 1907 is daar 'n verkiesing gehou. Die „Het Volk"-party het geseëvier, en generaal J.C. Smuts het Koloniale Sekretaris en Minister van Onderwys geword. Hy het aan die bevolking 'n onderwyswet belowe waarmee albei die bevolkingsgroepe sou tevrede wees.

b. Onderwys onder Selfbestuur, 1907-1910.

(1) Die Smuts-onderwyswet van 1907.

Op 1 Oktober 1907 het die Smuts-onderwyswet van krag geword. Fundamenteel was dit gebaseer op die onderwysbeginsels van lord Selborne en het dit die beginsels van Christelik-nasionale onderwys verwerp.

Die Smutswet het die twee kernvraagstukke, naamlik godsdiens en die voertaal op skool, in 'n groot mate oorbrug en daarin geslaag om albei die bevolkingsgroepe grotendeels tevrede te stel. Hollands en Engels is in 1912, kragtens die Rissikordonnansie, as offisiële tale naas mekaar geplaas. Vanaf 1918 het Afrikaans as taal in Klerksdorp begin veld wen, om spoedig hierna Hollands as taal te vervang.

In die Smutswet is ook voorsiening gemaak vir skoolrade en skoolkommissies, wat adviserend sou optree by die inspekteurs en Departement van Onderwys. Die kwessie van ouerseggenskap, 'n verdere essensiële vraagstuk, is dus ook grotendeels oorbrug.

(2) Die Klerksdorpse Skoolraad en konsentrasie op onderwysgebied, 1908-1910.

/Op ..........

Op 7 Januarie 1908 het die eerste Klerksdorpse Skoolraad wat saamgestel is kragtens die Smutswet, sy eerste vergadering gehou. Dit ly geen twyfel nie dat die Raad onmiddellik aan die werk gespring het om hom op hoogte te stel van sy werksaamhede en hom van die begin af daarvoor beywer het om die onderwys na die beste van sy vermoë te dien en te bevorder.

Die Raad het dan ook die konsentrasie van onderwys as sy eerste en vernaamste taak beskou. Sentralisasie is sterk voorgestaan om 'n beter toegeruste skool met groter onderwysgeriewe en 'n hoër peil van onderwys ook aan die plattelandse kind te verskaf.

(3) <u>Algemene onderwystoestande teen 1910.</u>

Teen 1910 was die meeste struikelblokke reeds uit die weg geruim, en die neutrale staatskoolstelsel het ten volle posgevat. Dit het egter die geleentheid gebied vir die onderwys om te kan ontwikkel.

Alhoewel die standaard van tweetaligheid nog veel te wense oorgelaat het, het alle kinders reeds onderrig in beide Engels en Hollands ontvang.

Die gedagte van konsentrasie het reeds sterk wortel geskiet, en die gedagte om sentrale skole te stig wat beter onderwys kon verskaf, kon in die praktyk toegepas word.

Opsommend kan dus gesê word dat daar teen 1910 reeds 'n besliste vooruitgang - alhoewel nog baie stadig en geleidelik - op onderwysgebied te bespeur was.

c. <u>Die periode van verdere aanpassing en uitbreiding op onderwysgebied, 1910-1955.</u>

(1) <u>Sentralisasie.</u>

(a) <u>Inleiding.</u>

Om die onderwyspeil van die plattelandse bevolking te verbeter en om die plaaskind van beter onderwysfasiliteite te voorsien, het die Klerksdorpse Skoolraad reeds vanaf sy stigting alle middele aangewend om die beleid van konsentrasie op onderwysgebied deur te voer. Die praktiese toepassing van die sen-

/tralisasiebeleid...

tralisasiebeleid, veral langs die Schoonspruit, is vergemaklik deurdat die mense al langs die spruit op in groepe saam gewoon het. Baie van die een- en tweemanskole moes dus gesluit word ten gunste van groter sentrale skole.

Teenstrydig met die Skoolraad se beleid het die periode tussen 1910-1920 'n neiging tot desentralisasie getoon, toe verskeie skole opgerig is.

Vanaf 1938 is die sentralisasiebeleid op groot skaal aangepak en deurgevoer.

(b) Donkie- en motorvervoer.

Ten einde die uitgawes aan vervoerdienste te besnoei het die Klerksdorpse Skoolraad vanaf 1910 sy toevlug geneem tot donkievervoer. Vanaf die vroeë dertiger jare het die skooldonkie egter iets van die verlede begin word toe motorvervoer op die voorgrond begin tree het.

Een van die eerste motorvervoerskemas is in Oktober 1931 ingestel, toe die Kafferskraalskool na die Presidentskool, Klerksdorp, gesentraliseer is. Gedurende 1935 was daar reeds vyf motorvervoerskemas in werking.

Nadat sentralisasiebeampte, R.S. Ferreira, in April 1938 'n sentralisasieskema aan die Skoolraad voorgelê het, het die Skoolraad sy onverdeelde aandag daaraan geskenk, en die sentralisasiebeleid is op groot skaal aangepak en deurgevoer.

Soos dit uit onderstaande tabel sal blyk, het die aantal motorvervoerskemas vanaf 1938 snel begin toeneem:

| Jaar | Aantal motorvervoerskemas |
|---|---|
| 1938 | 6 |
| 1939 | 10 |
| 1940 | 13 |
| 1945 | 20 |
| 1950 | 25 |
| 1955 | 23 |

Die vervoer van Klerksdorpse skoolkinders het dus begin by die eenvoudige skooldonkie en het tot die moderne skoolbus ontwikkel.

(c) Skoolkoshuise.

/Die ........

Die behoefte aan koshuisakkommodasie op die Klerksdorpse goudvelde is reeds gevoel tydens die bestaan van die Zuid-Afrikaanse Republiek.

Die eerste private gebou wat as skoolkoshuis moes dien, is in 1917 gehuur. Haglike behuisingstoestande van leerlinge het voortgeduur tot 1924, toe deur die bemoeiing van die Ned. Herv. of Geref. Kerk private woonhuise gehuur is om leerlinge te huisves.

Twee K.N.A.P.-geboue is gedurende 1937 opgerig om as koshuise te dien. Gedurende 1938 is die huidige provinsiale seunskoshuis voltooi, terwyl die netjiese gebou van die meisieskoshuis in 1947 opgerig is.

(2) Inspeksie.

Gedurende die bestaan van die Zuid-Afrikaanse Republiek en selfs 'n geruime tyd daarna was dit in Klerksdorp, net soos elders in die Provinsie, die gebruik van inspekteurs om hoofdelike inspeksie te doen en dan daarvolgens leerlinge te bevorder. Die stelsel het egter later geleidelik verdwyn en het plek gemaak vir klasinspeksie. Die oorplasing van die leerlinge is toe gelaat in die hande van die hoof in medewerking met die personeel.

As inspekteurs van onderwys na die Engelse oorlog het vir Klerksdorp opgetree: J.H. Corbett, J.P. Botha, A.J. de Vos, J.M. van der Lingen, J.G. de Vos, J.P. Malan en F.J. van Schouwenburg.

(3) Mediese dienste.

Vanaf 1914, toe hiermee in Klerksdorp 'n begin gemaak is, is waardevolle werk gedoen, veral ten opsigte van die minder gegoede en ondervoede leerlinge. In verskeie skole is daar oorgegaan tot die oprigting van sopkombuise ten einde die dieet, veral van die busleerlinge, aan te vul. Die Klerksdorpse skole het in 1938 reeds die Departementele melkskema ten volle benut.

(4) Middelbare onderwys.

/Voor ........

Voor die oprigting van die eerste hoërskool vir Klerksdorp is middelbare onderwys verskaf aan die Presidentskool, toe bekend as die Milnerskool, en op Hartebeestfontein. Die middelbare onderwys wat verskaf is aan die na-primêre afdelings verbonde aan die laerskole, was onbevredigend, en die meeste ouers het hul kinders na Potchefstroom, Wolmaransstad, Heidelberg en selfs na Pretoria gestuur vir hulle na-primêre onderwys.

Die Klerksdorpse Hoërskool is as selfstandige hoërskool in die begin van 1921 geopen in die gebou van die huidige polisiestasie. Die huidige gebou is in 1926 betrek.

Ten einde voorsiening te maak vir die uitbreiding van die dorp is 'n Engelsmediumhoërskool vir Klerksdorp toegestaan in 1952. Intussen sou daar vanaf die begin van 1953 'n sekondêre afdeling verbonde wees aan die Engelse laerskool. 'n Tweede Afrikaanse hoërskool, Schoonspruit, het op 18 Januarie 1955 geopen.

Nadat die middelbare afdeling aan die Hartebeestfonteinse skool in 1920 afgeskaf is, is daar weer 'n st. 7- in 1933 en 'n st. 8-klas in 1934 toegevoeg. Sedertdien het die middelbare afdeling bly voortbestaan aan die skool.

Die Klerksdorpse Tegniese Kollege is op 13 September 1941 geopen as tak van die Witwatersrandse Tegniese Kollege.

(5) Opvoedkundige aktiwiteite en vrywillige onderwysorganisasies.

Daar word in die Klerksdorpse distrik ruimskoots voorsiening gemaak vir die algehele ontwikkeling van die jeug deur middel van 'n groot aantal opvoedkundige bedrywighede en vrywillige onderwysorganisasies wat nie regstreeks deur die Onderwysdepartement beheer word nie. Van die groot aantal buitemuurse aktiwiteite verdien die volgendes spesiale vermelding:

(a) Die spaarsaamheidsbeweging.

Nadat daar reeds in 1918 'n „Penniebank" in Klerksdorp gestig is, het die beweging geleidelik veld begin wen, sodat die

/meeste ......

meeste skole tans oor 'n eie spaarklub beskik. Die geld word gewoonlik belê in Unieleningsertifikate.

(b) Die Voortrekker-, Boy Scout- en Girl Guide-bewegings.

In die meeste skole beklee dié bewegings 'n prominente plek in die buitemuurse bedrywighede van die skool. Die pligsgetroue werk wat die bewegings deur toegewyde diens verrig, kom die jeug van Klerksdorp ten goede. Die organisasies oefen 'n heilsame en verreikende invloed uit.

(c) Kadette.

Die kadetafdelings, onder beheer van die Wes-Transvaalse Kommandement, by die middelbare skole oefen 'n belangrike vormende invloed op die seuns uit.

(d) Sportaktiwiteite.

Die liggaamlike ontwikkeling van die leerlinge geniet naas die verstandelike ontwikkeling die volle aandag van die leerkragte. By die meeste skole is doelmatige sportgronde uitgelê, en gesonde kompetisies word jaarliks gereël. Die groot waarde van die regte gesindheid teenoor sport en 'n goeie sportmangees word terdeë besef.

(e) Debatsverenigings.

By enkele skole is daar gesonde debatsverenigings verbonde wat onder die leiding staan van bekwame leerkragte. Geslaagde skoolkonserte word jaarliks gereël. Die sosiale, kulturele en estetiese sy van die ontwikkeling van die kind word nog verder aangehelp deur die verfraaide skoolterreine, netjiese skoolgeboue en kunstig-versierde klaslokale.

(f) Ouer- en onderwysersverenigings.

Om te verhoed dat die skool 'n geïsoleerde instelling word en om daarin te slaag om dit 'n integrerende deel van die gemeenskap te maak, bestaan daar by verskeie skole goedgeorganiseerde ouerverenigings. Deur middel van ouerdae word die kontak tussen huis en skool bewaar. Die ouers, wat alreeds die onderwys sien as die ligpunt van die volkslewe, moet dus in die nouste kontak met die skool en sy werksaamhede bly.

/In .........

In die gebied bestaan daar ook gesonde en goedgeorganiseerde onderwysersverenigings, wat hulle daadwerklik ten doel stel om die opvoeding en onderwys te bevorder. Die lede van die onderwysersverenigings stel hulle ten doel om op die voorpunt te bly in die empiriese opvoedkunde en in die teorie en praktyk.

(6) <u>Die stand van onderwys in Klerksdorp in 1955.</u>

Na 'n breedvoerige navorsing betreffende die ontwikkelingsgeskiedenis van die onderwys in die Klerksdorpse distrik oor die afgelope honderd-en-sewentien jaar kom 'n mens tot die gevolgtrekking dat die onderwys tans op 'n peil staan wat dit nog nie vantevore bereik het nie. Die onderwys is in 'n hoë mate gekonsentreer in 'n aantal groter skole, waar die leerlinge slegs die beste onderwysfasiliteite tot hulle beskikking het. Die leerkragte is oor die algemeen goed toegerus vir hulle taak en het die gebruik van 'n groot verskeidenheid van doeltreffende leer- en hulpmiddels tot hulle beskikking.

Intensiewe aandag word geskenk aan die verstandelike ontwikkeling in die klaslokale self, terwyl gesonde en sterk liggame opgebou word en goeie geestelike eienskappe ontwikkel word deur genoegsame buiteuurse bedrywighede. Die onderwys van 1955 wil dan die hele individu harmonies ontwikkel: verstandelik, geestelik en liggaamlik. Die kind word dan ten volle toegerus om sy plek vol te staan as volwaardige burger in ons moderne en beskaafde maatskappy.